Acta Theologica 2007:2

*B.M.J. de Beer & J.A. van den Berg*

# DIE ONDERSTEUNING VAN OKKULTE-GEREHABILITEERDES: ’N PASTORAAL-TEOLOGIESE MODEL VIR DIE TOERUSTING VAN FASILITEERDERS


## ABSTRACT

### THE SUPPORT OF THE OCCULT-REHABILITATEE: A PASTORAL-THEOLOGICAL MODEL FOR EQUIPPING FACILITATORS

The involvement of the occult-possessed in paganism and Satanism, in particular, seems to be extremely destructive. This destructiveness permeates every aspect of the possessed person’s life. After evangelisation, deliverance, and the start of therapy for underlying psychological problems, the occult-possessed person’s status changes to that of an occult-rehabilitee. The occult-rehabilitee’s social interaction and relationships must be rebuilt and restored. This orientation and reinstatement in the community is an extremely complex and time-consuming activity. Specialised persons such as physicians, therapists and others are involved in the psychological and physical treatment aspects of the occult-rehabilitee. However, these specialists cannot assist the occult-rehabilitee during the entire programme of orientation and reinstatement on account of their workload. A facilitator. i.e. an informal helper, is therefore the ideal person to assist the occult-rehabilitee. Due to the complex nature of this task, a facilitator therefore requires specific equipment and training. When assisting the occult-possessed and the occult-rehabilitee, a facilitator is exposed to a person who has been directly involved with the occult. The study is based on a pastoral-theological epistemology. An eclectic model is also preferred when handling the occult-possessed and in the subsequent facilitating process.


*Me. B.M.J. de Beer is ’n Magisterstudent in Pastorale Terapie, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van die Vrystaat. E-pos: barbara@ngkerk-pellissier.co.za.*

*Dr. J.A. van den Berg, Senior Lektor, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van die Vrystaat. E-pos: vdbergja.hum@ufs.ac.za.*

# 1. INLEIDING

Terapeut: "Waarom sny jy jou arms so stukkend?"

Kliënt: "Oom, die seer hierbinne is só seer dat as ek my sny, help dit om die seer binne weg te vat."

Hierdie is 'n aanhaling deur 'n terapeut van Auksano, 'n nie-winsgewende organisasie wat daarop ingestel is om hulp te verleen aan persone, asook hul familielede betrokke by destruktiewe subkulture. Dit is slegs 'n klein brokkie van 'n gesprek met 'n 14-jarige seun en verwoord "iets" van die psigiese en geestelike pyn van okkulte-gekweldes (De Beer 2005b).

In 'n vorige studie (De Beer 2005a) is daar reeds bepaal dat fasiliteerders spesiale toerusting en vaardighede benodig om die okkulte-gerehabiliteerde te ondersteun. Hierdie studie fokus dus daarop om die aard van hierdie toerustingbehoeftes, asook die aard van die tipe opleiding benodig om hierdie behoeftes aan te spreek, te bepaal. Om hierdie studie egter in konteks te plaas, is dit belangrik om op die volgende te let. Die studie is gebaseer op die veronderstelling dat die terapeut of pastor die okkulte-gekwelde evalueer, bevryding doen indien nodig en dat deurlopende terapie vir aspekte soos trauma, onderliggende redes vir betrokkenheid, dissosiasie en fragmentasie 'n aanvang neem. Die okkulte-gekwelde se status verander nou na dié van okkulte-gerehabiliteerde. Die fasiliteerder, of informele helper, word as ondersteunende hulp vir die okkulte-gerehabiliteerde aangewend en dit is dus die taak van die fasiliteerder om die okkulte-gerehabiliteerde deur 'n doolhof van veranderings, sosiale aanpassings en geestelike groei te help en te ondersteun (Egan 2002:3; De Beer 2004a:7).

Vervolgens sal daar 'n kort oorsig oor die okkulte en die okkulte-betrokkene verskaf word, waarna die fasilitering van die okkult-gerehabiliteerde tydens oriëntering en herinskakeling, asook die fasiliteerder se rol binne hierdie proses, bespreek word. Laastens sal daar 'n kort samevatting en gevolgtrekking rakende die toerusting en opleiding van fasiliteerders verskaf word.

# 2. DIE OKKULTE EN DIE OKKULTE-BETROKKENE

Om 'n beter begrip te verkry van die rol van die fasiliteerder van 'n okkulte-gerehabiliteerde, is dit nodig om die wêreld van die okkulte-gekwelde te verstaan asook dit waaraan die okkulte-gekwelde blootgestel word. Dit is nodig aangesien die blootstelling aan rituele en ander misbruik psigiese en geestelike letsels agterlaat wat weer tot sekere gedragspatrone en denke lei (Huisamen 1990:71). Verder sal kennis oor die okkulte-gekwelde se wêreld bydra om die inhoud van 'n opleidingsprogram vir die fasiliteerder te bepaal, sodat die onder-


steuning wat die fasiliteerder aan die gerehabiliteerde okkulte-gekwelde in die herinskakelingsproses verleen, optimaal kan geskied (De Beer 2003:3).

## 2.1 Okkulte en okkultisme

Die begrippe "okkulte" en "okkultisme" word algemeen as wisselterme gebruik. Volgens Drost en Rosenbrand (1990:11) beteken die woord "okkulte" in die eerste plek "geheimsinnig" en "verborge". Die woord "okkulte" is afgelei van twee Latynse woorde, nl. *occultus* wat "verborge dinge" beteken en *occulere* wat "om te verberg" beteken. 'n Breedvoerige verduideliking word deur Els en Jonker (2000:5) verskaf. Hulle omskryf die okkulte as 'n geloofsisteem met esoteriese kennis wat slegs aan 'n paar uitverkorenes en dié in opleiding bekend is. Dit is afhanklik van talente buite die normale vyf sintuie en staan in verhouding tot die bonatuurlike. Die woord "okkulte" verwys dus na alle aspekte wat met verborgenheid te doen het of in verhouding met die bonatuurlike staan en kan dus as 'n oorkoepelende term beskou word wat na verskeie okkultiese gelowe of aksies verwys (De Beer 2004a:11).

Molnar (1987:150) en Gous (1983:2) brei bogenoemde omskrywing uit wanneer daar na okkultisme as vrywillige, gekose handelinge verwys word wat die beoefening van rituele en praktyke soos sataniese rituele, spiritisme, astrale projeksie, fortuinvertellery en magie soos towery, heksery (paganisme) en andere insluit. Volgens Smit (1992b:47) en Van Rensburg (1999:81) sluit dit ook die persoonlike verbintenis aan gode/geeste/Satan deur gebede, ede, beloftes, rituele, voorwerpe, bloedpakte, heksery, swart mis en verskeie ander okkultiese rituele in.

Figuur 1 verskaf 'n skematiese voorstelling van die okkultewêreld en werp meer lig op die samestelling van die okkulte (Smit 1992a:5).




Figuur 1: Skematiese voorstelling van okkulte wêreld (Smit 1992a:5)

Uit Figuur 1 is dit duidelik dat die verhouding tot Satan en die verhouding tot geeste binne satanisme aangetref word. Een van die hoofstrome van die okkultewêreld is dus satanisme. Die verhouding tot kennis en die verhouding tot kragte (magie) is elemente wat binne die paganisme vervat is en vorm die ander hoofstroom. Daar sal vervolgens aandag geskenk word aan dié hoofstrome om die destruktiwiteit hiervan te verstaan.


## 2.2 Satanisme

Volgens Bevolo-Manders en Dreyer (1998:736) is satanisme 'n charismaties-religieuse kultus wat gekenmerk word deur die godslasterlike omkering van alle Christelike norme en die Christelike ideologie. Volgens hulle sluit dit die aanroeping van Satan as voorwerp van verering in. Die Bose opereer as 'n ondergeskikte mag aan God wat wil vernietig en die lewe wil "ontheilig" (Louw 1993:83). Els en Jonker (2000:4) beskryf satanisme as 'n formele "godsdiens" gebaseer op *Die Sataniese Bybel* en wat 'n godsdiens van die vlees is. Daar is binne satanisme geen hemel ná die dood nie en geluk word in die hier en nou gesoek. Theron (in Hexam 1994:203) beskryf satanisme as volg:

> Esoteric religious groups who worship Satan. They are often associated with ritual sacrifice and unconventional sexual practices. Satanic groups include the Church of Satan and various organizations emphasizing ritual magic.

**The satanic movement in South Africa**

The hierarchical system of the satanic movement in South Africa is finely worked out.




Satanisme, as 'n georganiseerde bedryf, het 'n definitiewe hiërargie wat in Figuur 2 uiteengesit word (Els & Jonker 2000:59)

Figuur 2: Die hiërargie van die sataniese beweging in Suid-Afrika
(Els & Jonker 2000:59)

Uit Figuur 2 is dit duidelik dat die "Brotherhood of Ram" die hoogste vlak binne die organisasie is. Die opsigters is op hierdie vlak en hulle identiteit is in totale geheimsinnigheid gehul. Verder deel die opsigters straf uit of gee opdrag tot straf. Hierdie persone is tot grusame aanrandings en moorde in staat (De Beer 2004a:14). In Suid-Afrika is hierdie orde hoofsaaklik in Bloemfontein, Johannesburg en die Wes-Rand gekonsentreer. Die hoëpriester van satanisme in Suid-Afrika is woonagtig in Bloemfontein, die hoofsetel van Suid-Afrika se sataniese beweging (Els & Jonker 2000:60). Die bestuur of hoogste ordes binne die hiërargie het gewoonlik geen begeerte om die beweging te verlaat nie as gevolg van die magsposisies wat hul beklee. Hierdie persone is meesal gegradueerd en dikwels in senior en gerespekteerde posisies soos die kerkbestuur asook die bestuur van skole en regeringsinstansies in 'n niksvermoedende samelewing (Els & Jonker 2000:60).

Op die laagste vlak van die hiërargie word die gewone "dissipels" of "aanbidders" gevind. Hierdie persone word blootgestel aan seksuele inlywings, orgies, drank, dwelms en onmenslike straf indien die gesagspersone nie gehoorsaam word nie. Verder word hulle deur middel van vrees beheer en gemanipuleer (Gardiner & Gardiner 1991:11). Dit is dan ook dié persone wat dikwels aan hierdie inkerkende manier van leef en straf wil ontsnap.

Tipiese aksies wat by okkulte-rituele uitgevoer word, is diere-offers, menseoffers, mishandeling van diere, seksuele omgang met diere (bestialiteit), seksuele orgies wat groepmasturbasie en homoseksuele omgang insluit en die drink van bloed (Els & Jonker 2000:46, 225). Verder verwys Els & Jonker (2000:46, 225) ook na getuienis wat op tonele gevind is soos grafstene wat geskend is, altare en swart kruise wat gevind is, asook die skedel van 'n kat. Persone betrokke by die okkulte kan verder ook teenwoordig wees tydens menslike offerandes van babas of maagdelike jong meisies. Verskeie navorsers (De Beer 2004a:16; Jones 1995:15) bevestig die realiteit van hierdie gebruike. Daar word ook daarop gewys dat van hierdie gebruike reeds in die Bybel beskryf word. Manasse het byvoorbeeld sy eie seun as offer aan Baäl verbrand (2 Konings 21:6).

Volgens Drost en Roosenbrand (1990:15) en Potgieter (1974:18) is die blootstelling van okkulte-betrokkenes aan hierdie offerhande rituele destruktief en traumaties, wat die betrokkene se denke, gevoelens en lewe op 'n omvattende wyse beïnvloed en is die okkulte dus uiters gevaarlik. Die okkultebetrokkene word weekliks aan hierdie traumatiese ervaringe blootgestel. Vervolgens sal paganisme kortliks bespreek word.

## 2.3 Paganisme

Volgens Baldwin (1974:3) is heksery (paganisme) die “suster” van satanisme. Hawkins (1996:14) beskryf paganiste as hekse en verwys na Wicca as ’n hekse-organisasie wat die “Mother Goddess” en die “Horned God” aanbid. In paganisme is die basiese tema ’n abstrakte entiteit wat aan die hoof van die hiërargie van die universele is. Hierdie entiteit is bekend as die Oneindige Gees of slegs dié Een (Molnar 1987:58). Paganisme word dikwels voorgestel as ’n onskuldige en vrye godsdiens waar alles in die natuur bewonder word, as “saamwees” en uit feetjies en onskuldige rituele in die buitelug bestaan. Wicca word voorgestel as onskuldige rympies (wat die seisoene se vieringe vergesel), kosresepte en “dreunsange” wat heel onskuldig klink (Cunningham 2001:127) Paganisme word ook voorgestel as “kissing the bunnies and hugging the trees”, maar ongelukkig is dit nie die volle waarheid nie (De Beer 2004b:1).

Hayes (1995:339) verwys byvoorbeeld na die feit dat heksery deur antropoloë gesien word as die veronderstelde krag van ’n persoon waardeur hy/sy andere skade kan aandoen deur middel van die okkulte of deur bonatuurlike vermoëns. Volgens Hawkins (1996:59) is hekse, toordery of magie eerder ’n energie (soortgelyks aan elektrisiteit) wat vir goed of kwaad aangewend kan word. Die magie op sigself is dus nie goed of kwaad nie, maar eerder die bedoeling van die persoon wat dit gebruik.

Binne paganisme is die fokus op psigiese krag, spiritisme, aanmaak van brousels, astrale projeksie en veral seksuele misdrywe. Die beoefening van paganisme sluit astrologie, astrale projeksie, “sien” deur middel van kristalle, towerspreuke en beswerings, mediums, nekromansie, gebruik van psigiese krag, lees van tarotkaarte, beoefening van seksuele magie, die uitspreek van towerspreuke of vloeke, toekomsvoorspelling deur kristalliseer asook geesvervoering of beswyming in. Die “toerusting” wat gebruik word, is (soos in satanisme) ’n altaar, ’n swarthefmes, withefmes, bakke met sout en water, klokke, besems, kerse, koorde, ’n hekseketel of pot, ’n altaarkelk of beker, kristalle, ’n staf, ’n swaard, ’n towerstok, ’n wierookbak met wierook, ’n halssnoer of hangertjie, ’n pentagram en ’n gésel. Volgens Farrar en Farrar (1996:37-48) vind inlywing en rituele naak plaas en kom seks ook voor. So word “The great rite”, ’n seksuele ritueel, beskryf waar die seksuele daad tussen mans en vroue en meer spesifiek tussen die priester en priesteres, plaasvind.

Sommige hekse ontken dat hulle Satan aanbid terwyl andere wel erken dat hul “swart magie” beoefen en Satan as “god” erken. De Haan (1972:106) beskryf die geheime en bo-natuurlike wêreld van heksery as die snelweg na satanisme. Die destruktiwiteit van paganisme lê in die moontlikheid om oor te gaan na satanisme, die beoefening van “swart” magie en die verwar-

ring van die betrokkene se geestelike lewe (Breese 1974:9). Verder is paganisme destruktief as gevolg van seksuele betrokkenheid op 'n vroeë ouderdom, die gebruik van kragte vir selfsugtige of negatiewe doeleindes en die blootstelling aan die Bose, met besettinge wat kan plaasvind. Dit het geestelike afstomping en verwydering van God tot gevolg (De Beer 2004a:20). Die rede hiervoor is die feit dat die Bybel, as Woord van God, hierdie praktyke reeds van die vroegste eeue af verbied en dit as "afskuwelike praktyke" beskryf (Deut. 19:9). Paganistiese rituele is dus wel minder wreed, maar die psigies en geestelik gevolge is net so destruktief as satanisme (Lutzer 2002:129).

In beide satanisme en paganisme is van die doelwitte die aftakeling van die persoon se wil, die vermindering van die persoon se inhibisies deur algehele vernedering asook die vermeerdering van vrees sodat die persoon onvoorwaardelike lojaliteit en gehoorsaamheid aan die organisasie ontwikkel. Verder ontwikkel daar dikwels ook drank- en dwelmmisbruik, produktiwiteit (by die skool of werk) neem af, die persoon onttrek aan kerkaktiwiteite en sportaktiwiteite en rebelleer teen normale gemeenskapsnorme en waardes. Hulle verloor hulle menswaardigheid en word in totaliteit disfunksionele persone (De Beer 2006:43). Langtermyngevolge kan voorkom, selfs wanneer iemand slegs vir 'n kort tydperk by die organisasie betrokke was (Van Rensburg 1999:81). Betrokkenheid by die okkulte is dus fisiek, psigies en geestelik traumaties en destruktief alhoewel hekse dit nie erken nie en hul nie soseer anders lyk of aantrek nie (West 2001:11).

## 3. FASILITERING VAN DIE OKKULTE-GEREHABILITEERDE TYDENS ORIËNTERING EN HERINSKAKELING

Die voorafgaande inligting dui reeds op die feit dat die okkulte-gerehabiliteerde spesifieke behoeftes op die pad na oriëntering en herinskakeling by die gemeenskap het. Hierdie aspek verdien dus aandag in die bepaling van wát die toerusting van die fasiliteerder moet wees.

### 3.1 Die okkulte-gerehabiliteerde se verwagtinge van fasiliteerders

Die okkulte-gerehabiliteerdes het wel die wêreld van die okkulte verlaat, neem nie meer deel aan sulke praktyke nie, het Jesus Christus as Verlosser aangeneem, 'n proses van trauma- en ander terapie deurloop en met Bybelstudie begin. Daar is egter nog 'n lang pad van oriëntering en herinskakeling in die

gemeenskap wat voorlê, aangesien hulle totale lewe herbou moet word. Hulle moet ’n werk bekom, nuwe vriende maak, by ’n kerkgroep inskakel en nuwe aktiwiteite aanpak — om maar net ’n paar van die praktiese aspekte te noem.

Een van die belangrikste aspekte waaraan aandag gegee moet word, is die okkulte-gerehabiliteerde se geestelike groei (Koch 1972:327). Verder is die verbreking van verhoudings, insluitende dié met God, die huisgesin, familie, vriende, onderwysers, werkgewers en andere deel van die proses van betrokkenheid by die okkulte en moet hierdie verhoudings herbou word (Van Rensburg 1999:77).

Dit is dus duidelik uit bogenoemde dat daar ná die eerste intervensie soos trauma- en krisisintervensie, begeleiding tot geestelike keuses, dwelm-rehabilitasie en terapie deur kundige persone, nog ’n lang pad voorlê, wat nié deur hierdie kundige persone saam met die okkulte-gerehabiliteerde gestap kan word nie as gevolg van die groot hoeveelheid kliënte en die tydrowendheid van die herinskakelings- en ondersteuningsprosesse. Dit is juis hierdie gedeelte van die proses wat deur die fasiliteerder waargeneem moet word wat spesifieke toerusting benodig om hierdie taak te verrig (De Beer 2004a:36-37).

Inligting is deur middel van ongestruktureerde onderhoude (Greeff 2002: 300-302) met twee okkulte-gerehabiliteerdes verkry, wat as gevolg van die sensitiwiteit van die onderwerp, eerder anoniem wil bly. Die gesprekke is slegs ’n opsomming van die inligting wat uit die ongestruktureerde gesprekke verkry is.

### 3.1.1 Okkulte-gerehabiliteerde 1

Okkulte-gerehabiliteerde 1 is ’n getroude vrou met kinders wat alreeds vir meer as tien jaar okkulte-gerehabiliteerd is nadat sy as jong meisie by satanisme betrokke was. Haar pa, ’n professionele persoon wat ’n Christenbeeld na buite uitgedra het, was outoritêr en onredelik in sy opvoedingstyl. As jong meisie het sy teen die onredelike optrede van haar pa teenoor haar ma, haarself en die ander kinders gerebelleer, waarna sy elke keer onredelik geslaan is. Sy het ’n belang in die mag van satanisme ontwikkel, boeke gelees en daarmee begin eksperimenteer deur rituele in haar kamer uit te voer en beloftes aan Satan te maak. Haar fisieke en psigiese mag het vergroot, wat sy geniet het en wat vrees by ander ingeboesem het. Op sestien het haar pa haar onskuldig en onredelik geslaan deur haar op die kombuistafel te laat lê, haar broek af te trek en haar met ’n lyfband op haar kaal boude te slaan totdat die bloed loop, waarna sy opgespring en weggehardloop het.

Op die vraag wat vir haar tydens die rehabilitasieproses in haar fasiliteerder belangrik was, het sy geantwoord: “Christus-liefde en onvoorwaardelike

aanvaarding". Die persoon moes haar ondersteun, beskikbaar wees om te gesels en veral om met krag saam te bid in tye van twyfel en vrees. Hulle moes werklik wys dat hulle omgee en nie bloot lippetaal pleeg nie. Laastens moes die persoon 'n goeie luisteraar wees en nie geskok wees oor enigiets wat hulle hoor nie.

### 3.1.2 Okkulte-gerehabiliteerde 2

Hierdie persoon is reeds 5 jaar "gerehabiliteer", nadat hy op die ouderdom van 18 met Auksanoterapeute in aanraking gekom het. Nie veel inligting is bekend van sy lewe voordat hy by Auksano ingeskakel het nie. Volgens hom was sy genesingspad lank en het dit evangelisasie, bevryding, dwelmrehabilitasie en hulp met ondervoeding en eetprobleme ingesluit. Hy moes basiese lewensvaardighede aanleer soos hoe om inkopies te doen met die eerste geld wat hy deur middel van eerlike werk verdien het. Die fasiliteerder het hom ook gehelp om 'n blyplek te kry, hospitaal toe geneem as hy homself weer gesny het en hom in sy terapie bygestaan.

Op die vraag wat 'n fasiliteerder tydens hierdie proses moes doen, het hy geantwoord dat die fasiliteerder soos 'n ouer (pa of ma) moet wees wat altyd beskikbaar is, omgee, raad gee en help, iemand wat altyd vir hom lief bly en nooit moedeloos met hom word nie. Op die vraag wat sy fasiliteerder alles vir hom gedoen het, was van die aspekte op sy lys sake soos dat die fasiliteerder soms mooigepraat het, soms geraas en baie raad gegee. Die fasiliteerder het hom opgelei om soos 'n grootmens op te tree. Verder het die fasiliteerder hom 'n paar keer gehelp om werk en blyplek te kry. Hy het hom ook gehelp om met geld te werk, om netjies aan te trek, om verhoudings te bestuur en om sy selfbeeld te verbeter. Op sy 21$^{\text{ste}}$ verjaarsdag het hy selfs 'n fiets gekry — hy het nog nooit vroeër 'n present gekry nie. Die fasiliteerder het vir hom sigarette gekoop toe hy van die dwelms af was, maar nog nie kon ophou rook nie, kos gekoop as hy nie geld gehad het nie, kerk toe gevat, aan ordentlike jongmense voorgestel, hom geleer Bybel lees en om Jesus te ken en te vertrou.

Bogenoemde verwoord die belangrikheid van ondersteuning deur die fasiliteerder. Belangriker is egter die take en toerusting wat die fasiliteerders moet vervul en benodig om hierdie take effektief uit te voer.

## 4. DIE FASILITEERDER SE ROL TYDENS DIE ORIËNTERING EN HERINSKAKELING VAN DIE OKKULTE-GEREHABILITEERDE

Volgens Johan de Beer, bestuurslid van Auksano (De Beer 2003:4), vorm die fasiliteerder die lewenslyn in die hand van die okkulte-gerehabiliteerde

in die leerskool van herinskakeling by die gemeenskap, die kerk, nuwe vriende, werk en aktiwiteite.

Uit die bogenoemde inligting kan daar afgelei word dat fasilitering praktiese aspekte van herinskakeling insluit, asook psigiese en geestelike ondersteuning ten tye van nood.

## 4.1 Die fasiliteerder se take

Om te bepaal watter toerusting fasiliteerders benodig, moet eers bepaal word watter take hulle moet verrig. Die rituele van okkulte-betrokkenes is reeds genoem. Wat ook van belang is, is dat sataniese rituele psigologiese, fisieke, en seksuele mishandeling insluit. Die weghou van water en kos, pyniging, blootstelling aan verdowingsmiddels, die wakkerhou vir onmenslik lang tye, isolasie en toesluit in donker gate, kaste of houers en blootstelling aan buitengewoon skerp ligte vorm deel van hierdie proses. Dit gee op hul beurt weer aanleiding tot ernstige emosionele versteurings, asook besettings deur die Bose (Els & Jonker 2000:252).

Die hantering van die okkulte-gekwelde word wyd deur navorsers gedokumenteer, wat aantoon dat 'n bediening van bevryding en geestelike groei van die belangrikste aspekte is (Parker 1989:142, Huisamen 1990:81; Des Fontaine 2000:29). Verskeie navorsers (Koch 1972:328; Van Rensburg 1999: 77; Els & Jonker 2000:308) onderskryf 'n langtermyn- en holistiese benadering waar die proses nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie. Die twee benaderings sal vervolgens bespreek word.

## 4.2 Langtermynbenadering

Palms (1972:120) verskaf drie stappe vir die hantering van die okkultegekwelde. Die eerste stap bestaan uit belydenis. In die tweede stap word enige bose gees aangespreek en derdens volg die versekering dat Jesus Christus die Bose reeds oorwin het. Volgens Lindsey (1972:207), Thomas (1973:100) en Bubeck (1975:154) kan okkulte-gekweldes slegs deur die bloed van Christus bevry word. Die bekende "Pigs in the parlor" beskryf in groot omsigtigheid hoe bevryding gedoen behoort te word, maar gee geen riglyne vir die nasorg van die bevryde nie (Hammond & Hammond 1973:2-80). Larson (1974:52) en Des Fontaine (2000:29) stip ook stap vir stap die pad van bevryding aan, maar noem geen verdere nasorg wat nodig is nie. Van Zyl (1992:20) stel dit duidelik dat bekering en demoonuitdrywing slegs die begin van die persoon se pad na totale genesing is, maar verduidelik nie wat die res van die pad na genesing behels nie. Van Dam (1973:132) en Parker

(1989:142) beklemtoon egter die belangrikheid van nasorg en veral die sielsorg as nasorg van die okkulte-gerehabiliteerde.

Volgens Philpott (1973:126) en Van Dam (1973:132) is veral langtermynberading ná bevryding belangrik. Brown (1986:105) bevestig hierdie stelling wanneer sy die bevrydingsbediening, geestelike ondersteuning, asook nasorg van hierdie persone beklemtoon. Hierdie nasorg behels ondersteuning, veilige verblyf en versekering in tye van twyfel en angs. Hierdie nasorg is belangrik aangesien bekeerdes baie keer deur ander sataniste met die dood gedreig word en daarom moet die persoon vir 'n tyd lank geestelike begeleiding, hulp en fisieke beskerming van die pastor en medegelowiges ontvang (Huisamen 1990:81). Laastens beklemtoon Gous (1983:46) ook die bevryding van die okkulte-gekwelde, maar voeg by dat dit deur die hulp van sielkundiges en psigiaters aangevul moet word.

Parker (1989:142) wys op die feit dat daar ná bevryding berading moet plaasvind as gevolg van die emosionele trauma waardeur die persoon is. Seale (1991:54) beklemtoon ook die inskakeling van die okkulte-bevryde by die kerkgemeenskap as nasorg. Smit (1992b:51) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat die okkulte-gerehabiliteerde moet leer hoe om daagliks Satan en sonde te oorwin en dus die pad van heiligmaking te stap. Volgens Van Zyl (1992:20) kan bekering en demoonuitdrywing nie as totale genesing van die persoon beskou word nie. Volgens hom is dit nog net die begin van die pad na totale genesing en is dit, hoe belangrik ook al, slegs 'n onderdeel van die totale pastoraat aan diesulkes is. Laastens wys Sinason (1994:216) daarop dat die pad saam met okkulties-mishandelde persone lank is, iets wat slegs deur middel van gespesialiseerde terapeutiese hulp aangepak behoort te word.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die ondersteuning en hantering van die okkulte-gerehabiliteerde 'n lang proses is wat bekering, bevryding en geestelike nasorg deur middel van Bybelstudie, geestelike groei en gebedsondersteuning, asook die inskakeling by 'n gemeente en kerkaktiwiteite insluit (Heitink 1977:294-296). 'n Holistiese benadering blyk egter ook van belang te wees en regverdig verdere ondersoek.

## 4.3 Holistiese benadering

Verskeie navorsers (Clinebell 1984:26; Van Rensburg 1999:76-79; Els & Jonker 2000:308; Vergeer 2002:390) wys daarop dat pastorale hulp en terapie 'n holistiese benadering behoort te volg wat heling en groei in alle aspekte van die menslike wese insluit, veral in die lig van die trauma wat die persoon tydens betrokkenheid opgedoen het. Smit (1992b:46) ondersteun hierdie stelling wanneer hy daarop wys dat 'n langtermyn spanbenadering wat per-

sone soos sielkundiges, medici, sosioloë of maatskaplike hulp insluit, vir die okkulte-bevryde noodsaaklik is.

Volgens Els en Jonker (2000:308) sluit deel van hierdie holistiese benadering die ondersteuning in wat nodig is vir heropbou van alle verhoudinge. Dit sluit verhoudinge met God, skole, ouers, maats, werk en kollegas in, om slegs 'n paar te noem (Moriarty 1992:44). Hulp moet ook verleen word aan persone met die hantering van dwelmverslawing en fisieke aspekte soos MIV en/of VIGS en ondervoeding (Koch 1972:323; Smit 1991b:46; Van Rensburg 1999:78; Cilliers 2003:95). Verder moet verskeie praktiese aspekte aangespreek word soos die soeke na veilige verblyf, 'n werk, nuwe vryetydaktiwiteite, ondersteuning wanneer angstig en vele meer (Koch 1972:328).

Volgens De Beer (2005a:3) sluit die hantering van die okkulte-gekwelde binne Auksano verskeie aksies vir elke gerapporteerde geval in. Alhoewel dit van kliënt tot kliënt verskil, kan van die volgende aspekte nodig wees:

- 'n Volledige ondersoek en evaluering van die persoon en die situasie;
- Verwysing van die persoon vir gespesialiseerde ondersoeke;
- Vigsberading en hulp vir dwelmverslawing wat gereël word;
- Evangelisasie;
- Bevryding;
- Ouers van okkult-gekwelde word ontmoet en ingelig en waar nodig vind berading plaas;
- In geval van misdaad, word met die polisie geskakel;
- In geval waar maatskaplike dienste betrokke is, word samesprekings gevoer en verslae voltooi;
- Onmiddellike en langtermyn geestelike groei word gefasiliteer;
- Terapie-sessies neem 'n aanvang vir trauma en onderliggende probleme; ondersteuning word aan die persoon verleen vir herinskakeling by 'n kerk, kerkgroepe en Bybelstudie;
- Hulp word aan die persoon verleen, indien nodig, met die soeke na werk en verblyf;
- Ondersteuning is nodig om die persoon by nuwe sosiale aktiwiteite in te skakel;
- Hulp is nodig om die persoon se leefarea te beveilig; en
- Deurlopende beskikbaarheid van 'n ondersteuner, 24 uur per dag, is nodig vir emosionele ondersteuning, gebedsondersteuning en raad rakende moeilike situasies waarin die okkulte-gerehabiliteerde persoon hom/haar kan bevind — vir tydperke wat gewoonlik maande en selfs langer kan duur.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die pastor of terapeut reeds 'n geweldige werkslas het om gespesialiseerde krisisintervensie en bevryding te doen, asook terapie wat 'n langtermynproses is. Dit gee daartoe aanleiding

dat hulle nie die tyd het om aan al die nodige aspekte aandag te skenk nie en daarom vervul die fasiliteerder 'n baie belangrike rol in die ondersteuning en opbou van die totale lewe van die okkult-gerehabiliteerde (De Beer 2005a:36).

Insette deur fasiliteerders, wat reeds hierdie taak verrig, sal vervolgens bespreek word.

## 4.4 Gesprekke met fasiliteerders

Ongestruktureerde gesprekke (Greeff 2002:300-302) is met fasiliteerders van Auksano gevoer. Hierdie fasiliteerders is tans aktief werksaam in die veld deur okkulte-gerehabiliteerdes te ondersteun. Weer eens word die gesprekke nie *verbatim* aangehaal nie, maar slegs 'n opsomming gegee van die inligting wat op hierdie wyse ingewin is.

### 4.4.1 Fasiliteerder 1 — Henriëtte

Henriette is in haar dertigerjare en 'n mediese verteenwoordiger. Sy is tans in haar opleidingsfase as fasiliteerder by Auksano betrokke. Tydens die onderhoud word daar aan haar gevra wat sy voel nodig is om as effektiewe fasiliteerder op te tree. Sy begin haar antwoord met die feit dat haar opleiding in Sielkunde III haar geen praktiese kennis verskaf het oor hoe om 'n persoon te ondersteun nie. Soos 'n persoon wat ná afsterwe van 'n geliefde deur sekere fases gaan, sou sy graag wou weet watter fases 'n okkulte-gerehabiliteerde persoon ná bekering en bevryding deurgaan. Wat is die emosionele proses asook tipiese gedrag wat van so 'n persoon verwag kan word? 'n Basiese kennis van die okkulte is nodig om te verstaan waarby die persoon betrokke was en wat hy/sy ervaar het, aangesien dit 'n uitwerking op latere optrede kan hê. Sy sou ook graag wou weet watter prosesse en emosies die ouers van die okkulte-gerehabiliteerde ervaar, byvoorbeeld verwyte oor hul opvoeding, selfverwyt, ensovoorts. Insig oor hierdie prosesse kan dus die hulp- en ondersteuningsproses vergemaklik.

Henriëtte voel ook dat sy 'n behoefte aan basiese en praktiese beradingsvaardighede het, wat die wetlike aspekte insluit, asook hoe om 'n persoon met soveel seer te benader. Verder voel sy dat 'n grondige kennis van die Bybel nodig is, aangesien baie van die okkulte-gerehabiliteerde se vrae dikwels geestelik is en met meer gesag uit die Bybel beantwoord kan word. Die fasiliteerder moet ook 24 uur per dag bereikbaar wees aangesien die okkultegerehabiliteerde op daardie stadium uiters afhanklik van die fasiliteerder is. Die fasiliteerder is baie keer die persoon se enigste lewenslyn en kan vergelyk word met 'n ouer-kind-verhouding. 'n Lewende verhouding met God, voortdurende geestelike groei en gebedsvaardighede is ook noodsaaklik aangesien

daar dikwels saam met die okkulte-gerehabiliteerde met selfvertroue en gesag gebid moet word. Laastens is eienskappe soos geduld, die vermoë om ten spyte van oënskynlike mislukkings nie op te gee nie, asook kennis wanneer om met gesag op te tree en wanneer om net te ondersteun, uiters noodsaaklik.

### 4.4.2 Fasiliteerder 2 — Marie

Marie is 'n tuisteskepper wat reeds vir 'n periode van drie jaar by Auksano as fasiliteerder betrokke is. In hierdie periode het sy verskeie persone in die rehabilitasieproses bygestaan. Op die vraag wat 'n fasiliteerder benodig om die okkulte-gerehabiliteerde te ondersteun, lig sy eerstens luistervaardighede en beradingsvaardighede uit. Verder moet die fasiliteerder regtig vir die okkulte-gerehabiliteerde omgee en 'n "Jesushart" vir die persoon hê. Dit beteken hy/sy moet die persoon onvoorwaardelik aanvaar net soos hy/sy is en hom/haar nooit laat voel dat hy/sy die situasie kon voorkom het of dat dit sy/haar skuld is dat so iets gebeur het nie. Dit is egter belangrik dat daar wel grense in die verhouding gestel moet word sodat die persoon nie geheel en al in die fasiliteerder se persoonlike ruimte en lewe inbeweeg nie.

Om altyd beskikbaar te wees, beteken nie noodwendig om te alle tye onmiddellik te reageer nie, maar wel om bereikbaar te wees. Dit beteken om met die persoon 'n afspraak te reël om op 'n spesifieke tyd beskikbaar te wees. Die fasiliteerder moet volgens haar dus selfhandhawend kan optree, maar moet dit op so wyse aanpak dat die okkulte-gerehabiliteerde nie voel jy pas hom/haar maar net in 'n besige skedule in nie. Verder is dit belangrik om geen vrees vir die persoon, die okkulte of Satan te hê nie, iets wat gegrond op is op die fasiliteerder se eie geloof in Jesus Christus en sy/haar oorwinning oor Satan. 'n Sterk en volwasse geloof is dus volgens haar die basis van enige fasiliteerder wat met okkult-gerehabiliteerde persone werk.

## 4.5 Groepwerk met Auksano-fasiliteerders

Sekere Auksano-fasiliteerders het 'n groepsessie (Greeff 2002:313-320) bygewoon om sodoende verder te probeer bepaal wat die moontlike toerustingbehoeftes van fasiliteerders kan wees. Die persone met wie reeds individuele gesprekke gevoer is, is nie by hierdie proses ingesluit nie. Van die belangrikste toerustingbehoeftes van fasiliteerders wat in hierdie sessie aangedui is, is opleiding in leke-beradingsvaardighede, asook geestelike kennis en vaardighede. Aspekte wat deel vorm van bogenoemde, is fasiliteerders se eie geestelike en psigiese volwassenheid en gesondheid, asook opleiding in die basiese kennis van die okkulte wat onder meer die geskiedenis, ontstaan, tekens,

simbole, simptome, voorkoms, relevansie en leerstellings kan insluit. Terapeutiese vaardighede kan aspekte soos basiese beradingsvaardighede, kommunikasie, hoe om persoonlike grense te handhaaf, norme, waardes, kennis van menseregte asook versorging en toesighouding van die okkulte-gerehabiliteerde persoon insluit.

Deur voorafgaande literatuurstudie, asook die gesprekke met fasiliteerders word die verskeie take en rolle wat deur die fasiliteerder vervul moet word tydens die oriëntering en herinskakelingsproses van die okkulte-gerehabiliteerde, bevestig. Die spesifieke vaardighede en toerusting wat die fasiliteerder benodig, word ook al hoe duideliker.

## 5. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING — TOERUSTING EN OPLEIDING VAN FASILITEERDERS

Uit voorafgaande kan daar kortliks saamgevat word watter toerusting en opleiding deur die fasiliteerder benodig word om die okkulte-gerehabiliteerde persoon op die pad na genesing effektief by te staan.

Ná die eerste intervensie, naamlik krisishantering, evangelisasie en bevryding, is dit duidelik dat daar ander aspekte is wat aandag moet geniet (De Beer 2003:4). Een van die belangrikste aspekte is die langtermynterapie saam met die persoon. Dit is nodig om die onderliggende redes wat in die eerste plek daartoe aanleiding gegee het dat die persoon by die okkulte betrokke geraak het, te hanteer. Tweedens is terapie ook nodig om die gevolge van die trauma wat tydens okkulte-betrokkenheid ervaar is, te hanteer (Clinebell 1984:26).

Soos reeds genoem, gaan okkultiese en satanistiese rituele dikwels met drank- en dwelm- misbruik gepaard. Enige hulp en ondersteuning aan hierdie persone sal dus ook die hantering van hierdie verslawing, fisieke aspekte soos MIV en/of VIGS en ondervoeding asook geestelike groei insluit. Dit is duidelik dat hierdie aangeleenthede professionele kennis benodig wat vanselfsprekend eers deur professionele persone, in 'n multiprofessionele span, hanteer moet word.

Die hantering van sommige van hierdie aspekte en die totale heropbou van die okkulte-gerehabiliteerde se lewe sluit noodwendig 'n langtermynbenadering in waar die fasiliteerder onwillekeurig in hierdie proses betrek moet word en wat maande kan duur (De Beer 2003:4). Koch (1972:300) verskaf 'n voorbeeld van 'n gerehabiliteerde persoon wat vir 'n jaar lank deur middel van gebed deur 'n groep Christene van 'n kerk ondersteun is. Hierdie Christene is dus, volgens inligting reeds verskaf, ook "fasiliteerders" wat die persoon begelei en ondersteun (Clinebell 1984:174; Gerkin 1997:25). Die

**TOERUSTING VIR FASILITEERDERS**

**Geestelike Toerusting**
- Bybelkennis
- Voortdurende geestelike groei
- Evangelisasievaardighede
- Gebedsvaardighede

**Kommunikasievaardighhede**
- Luistervaardighede
- Verbaal/nie-verbaal
- Wanneer om te kommunikeer

**Beradingsvaardighede**
- Lekeberadingsvaardighede
- Herkenning van emosionele aspekte wat na terapeut terugverwys moet word
- Regsaspekte
- Etiese aspekte

**Kennis van die Okkulte**
- Ontstaan en geskiedenis
- Relevansie in omgewing
- Basiese kennis van:
  * verskillende tipes okkulte
  * wat betrokkenheid behels
  * waaraan persone blootgestel word
  * watter emosies betrokke is
  * wat fasiliteerder by tye kan verwag en hoe die situasie hanteer word

**Ander**
- Kennis van HIV/VIGS
- Kennis van verslawing (alkohol/dwelms)
- Kennis van maatskaplike aspekte
- Kennis van rolspelersnetwerk beskikbaar

**Voorkoming van uitbranding**
- Tydsbeplanning
- Ondersteuningsbasis
- Ontspanning/selfmotivering
- Psigies volwasse (verstaan self)

fasiliteerder moet dus toegerus wees om verskeie situasies (ook waar uiterste emosies getoon word) te hanteer.

Die fasiliteerder vervul dus 'n baie belangrike rol in die oriëntering en her-inskakeling van die okkulte-gerehabiliteerde by die samelewing. Hierdie studie verskaf ook genoeg inligting om die rol van die fasiliteerder self in die oriëntering van die okulte-gerehabiliteerde, die toerusting wat hulle hiervoor benodig (Kyk figuur 3), asook die gepaardgaande opleiding wat benodig word, te verstaan.

Figuur 3: Model vir toerusting van fasiliteerdes

Met bogenoemde inligting kan daar dan oorgegaan word tot effektiewe opleiding aan fasiliteerders — nie slegs vir okkulte-gerehabiliteerdes nie, maar ook vir fasiliteerders van ander destruktiewe subkulture.

## BIBLIOGRAFIE

BALDWIN, S.
1974. *Games Satan plays*. Illinois: S.P. Publications.

BEVOLO-MANDERS, J.M. & DREYER, T.F.J.
1998. Satanisme gesien vanuit 'n pastorale perspektief. *HTS* 54(3 & 4):737-759.

BREESE, D.
1974. *Satan's ten most believable lies*. Chicago: Moody Press.

BROWN, R.
1986. *He came to set the captives free*. Chino: Chick Plublications.

BUBECK, M.I.
1975. *The adversary, the Christian versus demon activity*. Chicago: Moody Press.

CILLIERS, J.H.J.
2003. *Pastoraat aan adolessente wat by okkultiese subkulture betrokke is — 'n Pastoraal-terapeutiese benadering*. Bloemfontein: Dupla Drukkers.

CLINEBELL, H.
1984. *Basic types of pastoral care & counseling: Resources for ministry of healing & growth*. Nashville: Abingdon Press.

CUNNINGHAM, S.
2001. *Wicca. A guide for the solitary practitioner*. Minnesota: Llewellyn Publications.

DE BEER, B.M.J.
2004a. 'n Pastoraal-teologiese ondersoek na die rol en toerusting van fasiliteerders betrokke by ondersteuning van die okkulte-gerehabiliteerde. Universiteit van die Vrystaat: Ongepubliseerde B.A. Hons.-Skripsie.

2004b. Fasiliteerderstoerusting. Universiteit van die Vrystaat: Ongepubliseerde groepwerkseminaar.

2006. Die ondersteuning van okkulte-gerehabiliteerdes: 'n Pastoraal-teologiese model vir die toerusting van fasiliteerders. Universiteit van die Vrystaat: Ongepubliseerde M.A. mini-skripsie.

DE BEER, J.A.
2003. *Jaarverslag, Auksano*. Bloemfontein: Dupla Drukkers.

2005a. *Jaarverslag, Auksano*. Bloemfontein: Dupla Drukkers.

2005b. *Auksano-lesing. Die pyn van okkultiese betrokkenheid.* Bloemfontein: Ned. Geref. Kerk Pellissier.

DE HAAN, R.W.
1972. *Satan, Satanism and witchcraft*. Grand Rapids: Zondervan.

DES FONTAINE, F.
2000. *What about the occult?* Arlington: Arlington Christian Center.

DROST, H. & ROOSENBRAND, J.W.
1990. *Occultisme*. Nederland: Uitgeverij De Vuurbaak bv Barneveld.

EGAN, G.
2002. *The skilled helper*. Crawfordsville: R.R. Donnelley.

ELS, L. & JONKER, K.
2000. *Satanism in South Africa*. Lynnwood Ridge: Amabhuku Publications.

FARRAR, J. & FARRAR, S.
1996. *A witches' bible. The complete witches' handbook*. Washington: Phoenix Publications.

GARDINER, J. & GARDINER, H.
1991. *Satanisme. Suid-Afrika se jeug in versoeking*. Kaapstad: Struikhof.

GERKIN, C.V.
1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville: Abingdon Press.

GOUS, A.
1983. *Perspektief op: Satan en sy werkings, joga, transendentale meditasie, karate*. Pretoria: NGKB.

GREEFF, M.
2002. Information collection: Interviewing. In: A.S. de Vos (ed.), *Research at grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions*. (Pretoria: Van Schaik Publishers, Second edition), pp. 291-320.

HAMMOND, F. & HAMMOND, I.M.
1973. *Pigs in the parlour*. Kirkwood: Impact Books.

HAWKINS, C.S.
1996. *Witchcraft, exploring the world of Wicca*. Grand Rapids: Baker Books.

HAYES, S.
1995. Christian responses to witchcraft and sorcery. *Missionalia* 23(3):339-354.

HEITINK, G.
1977. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: J.H. Kok.

HEXHAM, I.
1994. *Concise dictionary of religion*. Carol Stream: Intervarsity Press.

HUISAMEN, E.
1990. *Magte van die duisternis*. Kaapstad: Lux Verbi.

JONES, R.
1995. *Stairway to hell*. Hesperia: Chick Publications.

KOCH, K.E.
1972. *Christian counselling and occultism*. 15th ed. Berghausen: Ev. Verlag.

LINDSEY, H.
1972. *Satan is alive and well on planet earth*. Grand Rapids: Zondervan.

LARSON, B.
1974. *Hell on earth*. Illinois: Creation House.

LOUW, D.J.
1993. Diagnostiese kriteria vir die evaluering van satanisme in die pastorale bediening. *Praktiese Teologie in S.A.* 8(2):83-94.

LUTZER, E.W.
2002. *Seven snares of the enemy*. Vereeniging: Christian Art Publishers.

MOLNAR, T.
1987. *The pagan temptation*. Grand Rapids: Eerdmans.

MORIARTY, A.
1992. *The psychology of adolescent Satanism. A guide for parents, counselors, clergy & teachers*. Westport: Praegar Publishers.

PALMS, R.C.
1972. *The occult: A Christian view*. London: Oliphants.

PARKER, R.
1989. *The occult. Deliverance from evil*. Leicester: Inter-Varsity Press.

PHILPOTT, K.
1973. *A manual of demonology and the occult*. Grand Rapids: Zondervan.

POTGIETER, F.J.M.
1974. *Bonatuurlike verskynsels*. Kaapstad: NGK-Uitgewers.

SEALE, R.
1991. *Satanisme, die reg om te weet*. Menlopark: Hans Kirsten Uitgewery.

SINASON, V.
1994. *Treating survivors of Satanist abuse*. London: Routledge.

SMIT, J.H.
1992a. Wat is satanisme? In: J.H. Smit (red.), *Die evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes* (Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies, UV Teologiese Studies 6), pp. 1-8.

1992b. Die evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes. In: J.H. Smit (red.), *Die evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes* (Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies, UV Teologiese Studies 6), pp. 42-51.

THERON, J.P.J.
1994. 'n Kritiese bespreking van D.J. Louw se diagnostiese kriteria vir die evaluering van satanisme in die pastorale bediening. *Praktiese Teologie in S.A.* 9(2):201-216.

THOMAS, F.W.
1973. *Kingdom of darkness*. New Jersey: Logos International Plainfield.

VAN DAM, W.C.
1973. *Demonen eruit, in Jezus' Naam!* Kampen: J.H. Kok.

VAN RENSBURG, J.J.
1999. *The occult debate: A scientific and pastoral approach*. Cape Town: Lux Verbi.

VAN ZYL, H.C.
1992. Die duiwel ontmasker — 'n Nuwe-Testamentiese perspektief. In: J.H. Smit (red.), *Die evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes* (Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies, UV Teologiese Studies 6), pp. 9-22.

VERGEER, W.C.
2002. Okkultiese binding en bevryding, 'n Nuwe-Testamentiese perspektief. *In die Skriflig* 36(32):369-395.

WEST, K.
2001. *The real witches' handbook — A complete introduction to the craft*. London: Thorsons, Harper Collins Publishers.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
| --- | --- |
| Okkulte | Occult |

| | |
|---|---|
| Gerehabiliteerde | Rehabilitee |
| Fasiliteerder | Facilitator |
| Ondersteuning | Support |
| Toerusting | Equipment |